

sings nie. Ek gril nou nog by die gedagte om aan die hand van 'n Nasionalis te vat.'

van die hartseer en die liefde wat as die gedigtema die mees sensitiewe en

Lady One

INA HENNING

Gouritsmond Leeskring

Die bundel is 'n keuse wat die digter, Breyten Breytenbach, self gemaak het uit sy vorige bundels asook 'n aantal nuwe gedigte. Die versameling word deur HJ Pieterse in **Beeld** van 13 Julie 2000 beskryf as '...dalk die mooiste liefdesverse in Afrikaans'. Die simboliek van die getal 99 verwys waarskynlik na die verhaal (met sy oorsprong in Boeddhisme) van die man wat gewag het op sy geliefde vir 99 nagte en op die 100ste nag vertrek het. Die bundel word opgedra aan die vrou in die digter se lewe, Yolande, wat sowel politieke as taalsimbool is. Soos aangetoon moes hy baie vir haar offer gedurende die apartheidsjare.

Die bekendstellingsbrief by die bundel meld dat Breytenbach se liefdesgedigte

emosiebelaaide taal tot die gestolde woord van die poësie moet besweer.

Breytenbach is 'n meester van die metafoer. Trouens in *die huis van die dowe* verklaar hy die sipres verwant aan die akkedis. Die uiterste vorm van disjunkte metaforiek vorm die onderbou van die Breytenbach-oeuvre. Sy liefdesgedigte, hetsy teer of robuust, weerspieël dikwels hierdie feitlik 'brutale' metaforiek ten beste. Selfs in die speelse en naïewe *my vrou* (p. 24) word die feitlik Hoogliedagtige beminde

(Yolande) gekontrasteer met die *onnosele age, kloterige knopkoppe, knieserige knypswyne*.

Die sensitiewe en robuuste gaan dus dikwels hand aan hand in die Breytenbach liriek. 'n Hoogtepunt van hierdie vorm van liriek is een van sy mooiste gedigte, naamlik, *drome is ook wonde*. Die titel wys die tweespalt uit. In die tronkgedigte herken jy die ingehokte persoon wat met die poëtiese woord die sel wil ontvlug. In 'trunkvoël' (p. 44) lees ons, byvoorbeeld, die volgende: *ek is die nagvoël op reis na my jou / ek kom oor gisters en baie lande / gedra in die driftige draf van die honger roofdier / in die waaiërende vlug van skugtere duive*.

Die liefdesgedig as draer van depressie en weemoed word by Breytenbach 'n poëtiese ervaring van intense krag. Vergelyk in hierdie verband 'n gedig soos... *swart is sy in my hele nag* (p. 74) waar liefde en angs en liefde en die donker feitlik sinonieme begrippe word. Die bevryding hieruit is dat die *vers as boodskapper* (p. 82) in die woord bevryding bring... *oor hierdie papier wat sonder einders is / skryfek blind skreeu ek stom na jou toe*. Hierby sluit die juweel... *die geheue 'n kou vol voëltjies* (p. 85) aan.

In die geheel is **Lady one** nie net 'n versameling liefdesgedigte nie. Dit word ook 'n inventaris van die belangrikste tendense van Breytenbach se poësie. Dit word feitlik 'n reisbeskrywing - deur die wêreld, tye, ervarings en emosies.

Uiteindelik is die liefde en die nostalgie, ook die liefde en die woord, nie van mekaar te onderskei nie. In een van die nuwe gedigte *tuis* word hierdie sentrale tema tot verruklike oerkrag van die liefdesgedig, naamlik, dat die aangesprokene dikwels nie die gedigte begryp nie... of dit nie eers lees nie.

Die bundel begin met die volgende strofes

*Dame dame enkel dame
Jy met al die baie name
Het ek jou uit my slaap geroep?*

*Vrou van al my trose en skame
Die see vol sterre skuim één sloep
Ek vou my hane saam en sé ame*

Van die 99 gedigte is 29 in die gevangenis geskryf - almal direk of indirek vir of met verwysing na Hoang Lien - en nege daarvan is nuut. Die getal nege is opvallend as die Boeddhistiese getal van die volmaakte; dis ook die getal blare van die lotusblom (die heilige lotus, simbool van en sleutel tot



meditasie) en die naam Hoang Lien bestaan uit nege letters en beteken 'heilige lotus'. Die assosiasies is veelvuldig, veral die geliefde, meditasie en volmaaktheid. Soos reeds gesê, het Breytenbach die seleksie self gemaak met hier en daar wysigings van die oorspronklike gedigte deur toevoegings, versreël- en strofeveranderinge en die samevoegings van twee gedigte tot een, asook verbeterings.

Ampie Coetzee sê in sy *Boeke*'dis verstommend dat 'n digter binne 36 jaar van poësie soveel liefdesgedigte kan skryf waarin die metafore en beskrywings van die beminde gedurig verander en altyd nuut bly. **Lady one** is dan ook die beste bundel liefdesgedigte in Afrikaans; nie net as middel tot verering van die geliefde nie maar ook omdat die gedig deel is van die daad, die gedig is die liefde en die geliefde. Een van die motto's sê *'dit my vrou / jou vrou / hierdie vers!'*

Coetzee sê verder 'Om gedigte soos dié te resenseer is nie maklik nie. Hoe beskryf jy 'n gedig as die gedig alles sê? Hoe "resenseer" jy, byvoorbeeld, die volgende sonder om dit self te laat sê:'

*Ek gee vir jou 'n die
En vyf-en-twintig baies
Of
Ek gee vir jou 'n ek
Dis vir die kruppel skrywe
Ek gee vir jou my liefde
Soos bokkaas en olywe*

Nietemin, ter bekendstelling en om die gedigte in die bundel te karakteriseer. Hier is hoogliedere, psalms, refreine, elegieë, naratiewe, landskapbeskrywings, natuurbeskrywings, liedjies. En alles word oorkoepel deur 'n droewige ironie; die geliefde verstaan nie sy taal nie. *Wanneer jy oud en klein is en in swart geklee / onthou dan weer hierdie dooie vlinder woorde / teen koue swart glas my liefde / al ken jy nie die taal...* Die gedigte is eintlik herinneringsgedigte, gedigte soos die geliefde onthou word in die gevangenis, maar ook nou. Die gedig is 'n rekonstruksie, 'n representasie in woorde, van die geliefde, maar die skryf kom daarna. En daarby kom die besef van die komende dood en die wete van aftakeling (en in jou sintese verwerk... *binnekort is dit ons beurt om te gaan / wie sal eendag stilstaan om te onthou
Hoe jonk jy was / hoe ek jou lippe met my*

soene verniel het / hoe ek jou nou nog woord vir woord bevrug / waar die kastaingboom groei / vol voëls en vol wind sedert eeue / want wat anders is die groot afskeid / as die daarstelling van 'n afwesigheid?

Ten slotte...aldus Ampie Coetzee...vir die leser om te proe wat staan in **Lady one**...net 'n duimnaelbloemesinkie van enkele beskrywings van die geliefde en enkele metafore vir die seksuele; sy is 'n vlinder van trillende lig...die eiesinnigheid van my liggaam...n heuningswart begyntjie / rooivoet in die sneeu...die hitte van my palms / die pitte van my dadels / die hittete van my daad...my klein moment van raafen van ivoor.

En die lyflike liefde word soms heel eksplisiet beskryf...tussen my bene draf 'n bloesende droom...en ek kom aan voor jou deur vol saad en vol vreugde...

Maar ook soos 'n hooglied van die liefde:
*jy maak my hoofduisel-lig van vreugde
jy ontdek jou voor my aangesig
ek kruip in jou weg
in jou tempelmoskee is daar asiel
en gedekte tafels
en soet keeluitinge
wit en fladderende duiwe...
o!*